

Dinsdag 26 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-40

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:6, 38

Christus is die Oorwinnaar – glo in Hom! (2)

Gelowiges wat groot dinge bereik het. Dit is ons eerste indruk wanneer ons hier lees (vgl. Heb. 12:1). Ons word klein. In ons hart voel ons dalk op hierdie oomblik: “Het ek al so iets bereik?” Ons moenie in so ’n rigting beweeg wanneer ons hierdie gedeelte lees nie, want dan verskuif die fokus na ons toe en wat ons uit eie krag moet bereik. Vers 38 noem: Die wêreld is ’n gelowige nie werd nie.

Hoe moet ons dan hierdie gedeelte verstaan? Hier word vir ons baie duidelik gemaak dat die *uitwerking wat geloof het*, in ons lewe na vore kom. Geloof bring die gelowiges tot aksie. Geloof wil hier oordra dat ons ’n sterk VERTROUE op die Here alleen stel (vs 1). Geloof gee vir ons die krag om te volhard, die vertrou om vol te hou.

Geloof is dat ons juis nie op onself vertrou nie. Ons kan niks self bereik nie. Geloof maak dat ons vashou aan die werk van ons enigste Hoëpriester (vgl. Heb. 7:25), dat ons daarop vertrou. Vers 6 stel dit so: Ons moet glo dat Hy is! Ons moet glo, vas vertrou dat Hy bestaan! Want ek soek nie my eie belange nie, ek soek die Here alleen! Ons wil op Hom alleen vertrou. Ek glo dat Hy my deur my enigste Hoëpriester, Jesus Christus, verlos het. Dit is juis dan dat ek die Here behaag, dat ek sy wil doen!

Kom dit in my lewe na vore dat ek Hom alleen soek? Sonder die geloof is dit onmoontlik. Deur die geloof wat uit genade aan my geskenk is en deur die Heilige Gees in my hart ingeplant is, kan ek ten volle vertrou. Die geloof wys só in my lewe dat die wêreld vir my niks werd is nie. Wat vir my die belangrikste word, is Jesus Christus, my Here. Ek vertrou alleen op Hom!

Sing: Psalm 91-1:1, 8

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)